Toelatingsnommer

# LAERSKOOL ELIGWA

# TOELATINGSVORM VIR 2011

Baie welkom by Laerskool Eligwa!
Ons hoop dat ons en u 'n vrugbare en verrykende verbintenis sal hê.

## Toelatingsvereistes

Voordat u aansoek doen om toelating, wil ons eers vertel waarvoor ons staan en wat ons graag vir u kind wil doen.

1. Die taal van onderrig en leer in *Laerskool Eligwa* is Afrikaans.
2. Leerlinge uit die natuurlike voedingsgebied van die skool sal voorkeur geniet.
3. Toelating van leerlinge is onderhewig aan die beskikbaarheid van plek.
4. Die ouderdom van die leerling mag nie die gemiddelde ouderdom van die leerlinge in die graad met twee jaar oorskry nie.
5. Ouers/Voogde en die leerling moet onderneem om die skool se reëls te eerbiedig en die gedragskode te aanvaar.
6. Ouers/Voogde moet hulle vereenselwig met die besluite van die ouervergadering waartydens die ouers die finansiële verpligtinge bepaal het, en onderneem om dit na te kom soos deur die Beheerliggaam versoek.

## Verdere hulp met die voltooiing van die aansoekvorm

1. Voltooi asseblief die aansoekvorm volledig, duidelik en korrek.
2. Lees alle instruksies met aandag.
3. Voltooi EEN **leerlingvorm** vir ELKE leerling wat inskryf.
4. Voltooi slegs EEN **gesinsvorm** per gesin.
5. Aansoekvorms moet voor of op 30 September 2010 by die skool ingehandig word.
6. Lees **alle** afdelings noukeurig deur en onderteken waar nodig.
7. Parafeer op elke bladsy dat u die inhoud daarvan gelees het.
8. VRA indien u hulp nodig het met die invul van die aansoekvorm.
9. Voltooi die *kontrolelys* op die laaste bladsy van hierdie vorm.

Paraaf

## GEDRAGSKODE

**Die gedragskode van *Laerskool Eligwa* is op die volgende beginsels gebaseer: [Indien u kind tot die skool toegelaat word, sal van u verwag word om die volledige Gedragskode te bestudeer en te onderteken.]**

As leerder en personeellid van Laerskool Eligwa, word besef dat positiewe samewerking tussen ons en almal wat by opvoeding betrokke is, alleenlik suksesvol kan wees as alle rolspelers ooreenkom oor die volgende waardes en beginsels, en onderneem om:

- Positief van ander te praat
- Die besittings, liggaam en integriteit van ander te respekteer
- Vriendelik teenoor sy medemens te wees
- Uit te reik na almal om ons met fisiese, emosionele of akademiese nood
- Met integriteit op te tree
- Ons terrein, geboue en meubels te beskerm en te bewaar deur respek vir die omgewing en skoolfasiliteite te betoon
- My naaste dit gun om te presteer en nie neer te kyk op diegene wat minder talente ontvang het nie
- Ons moedertaal te handhaaf en respek teenoor ander tale te bewys
- Geen vuil taal te gebruik nie
- Soos 'n kind van die Here op te tree omdat ons Christelike waardes nastreef
- Menseregte soos in die Grondwet vervat na te kom
- Respek teenoor almal om my te betoon
- Multi-kulturaliteit en andersheid te erken en te respekteer
- Gehoorsaam te wees aan die organisatoriese- en gedragsreëls van die skool
- Wanneer ons by buitemuurse aktiwiteite betrokke is, toepaslik sal optree en die skool se naam altyd hoog sal hou
- My skooldrag met trots te dra en my voorkoms altyd na die beste van my omstandighede sal wees
- Ter wille van my eie en ander se veiligheid altyd so sal optree dat niemand in gevaar gestel word nie.
- Akademies my beste te lewer, altyd met volle oorgawe aan klaskameraktiwiteite deel te neem volgens my vermoë, en nie ander leerders ontwrig nie
- Gereeld huiswerk en voorbereiding te doen en altyd eerlik te wees met alle assesseringstake
- Wanneer ek aangestel word in 'n leiersposisie, ek my verantwoordelikhede sal besef en dit stiptelik nakom

Elke ouer/voog onderneem die volgende:

- Om toe te sien dat leerlinge elke dag die skool bywoon en betyds opdaag
- Om die skool te voorsien van redes ten opsigte van afwesighede
- Om die leerders gesond, skoon en gevoed skool toe te stuur
- Om die leerders te help om selfdissipline toe te pas
- Om die leerders te help om die waardes soos in die Gedragskode vervat, toe te pas
- Die skool in kennis stel indien die omstandighede van so 'n aard is dat bogenoemde nie nagekom kan word nie.

## FINANSIëLE VERPLIGTINGE VAN OUERS/VOOGDE

1. Artikel 40(1) van die Skolewet 84 van 1996 hou die ouer/voog aanspreeklik vir die volle betaling van skoolgeld, tensy vrystelling of gedeeltelike vrystelling van skoolgeld toegestaan is.
2. Regulasie Gazette 8566 van 18 Oktober 2006 stipuleer sekere voorwaardes aan die hand waarvan ouers/voogde aansoek mag doen om vrystelling/gedeeltelike vrystelling van skoolgeld.
3. Die ouer onderneem om, as teenprestasie vir die onderrig wat aan die kind verskaf word, die bedrag skoolgeld soos jaarliks (op die wyse hierna uiteengesit) deur die Beheerliggaam vasgestel, te betaal.
4. Artikel 41(1) verleen aan die skool die reg om met behulp van regstappe die Ouer/Voog wat regsaanspreeklik is vir die betaling van skoolgeld, te verplig om huidige en agterstallige geld te betaal.
5. 'n Registrasiefooi van R100.00 per leerling is vooruitbetaalbaar. Die res van die skoolgeld kan eenmalig, of maandeliks vir 11 maande tot einde November van die bepaalde jaar betaal word.

**VASSTELLING VAN SKOOLGELD**

1. Die Beheerliggaam onderneem om voor die 30ste November van elke jaar die skoolgeld vir die daaropvolgende kalenderjaar in oorleg met die Ouers/Voogde tydens 'n vergadering vir hierdie doel belê, te bepaal.
2. Die Beheerliggaam onderneem dat die vasgestelde bedrag nie gedurende die kalenderjaar waarvoor dit vasgestel is, gewysig sal word nie.

Paraaf

## ONDERNEMING DEUR OUER/VOOG

As ouer/voog word verklaar dat:

1. ek sal toesien dat my kind die visie, missie, etos, taalbeleid, gedragskode en dissiplinêre kode van *Laerskool Eligwa* aanvaar en en na die beste van sy/haar vermoë uitleef.
2. ek aanspreeklik is vir die stiptelike betaling van die onderriggeld soos deur die Beheerliggaam en Ouervergadering bepaal is.
3. ek my vergewis het van die skool se gedragskode.
4. ek my kind tot deelname aan skoolaktiwiteite sal aanmoedig en hom/haar daarin sal ondersteun.

## TOESTEMMING DEUR OUER/VOOG

- Hiermee gee ek as ouer/voog toestemming dat:

hy/sy aan enige buitemuurse aktiwiteite van sy/haar keuse van die skool mag deelneem en toere en uitstappies mag meemaak wat vir die beoefening daarvan nodig is.

- Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van my kind, en dat ek verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van enige mediese- en/of hospitaalrekeninge, in die geval van 'n besering wat nie aan die nalatigheid van die personeel toegeskryf kan word nie.
- Ek dra my magte as ouer/voog oor aan die hoof van die skool of sy verteenwoordiger indien mediese behandeling/chirurgiese ingreep vir my kind nodig mag wees.
- Sover ek weet, is my kind fisies in staat om aan die genoemde aktiwiteite deel te neem en verkeer hy/sy in goeie gesondheid. Ek versoek egter dat die verantwoordelike personeel op die volgende gesondheidstoestand van my kind sal let:

  __________________________________________________

  __________________________________________________

  __________________________________________________

  __________________________________________________

Paraaf

# KONTROLELYS

## SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET (WET NO. 84 VAN 1996)

**Regulasie vir die vrystelling van ouers van betaling van onderriggeld**

**Merk met 'n kruisie (X) in die toepaslike plek onder JA of NEE**

| | | JA | NEE |
|---|---|---|---|
| 1 | Was u ingelig ten opsigte van die jaarlikse onderriggeld wat betaalbaar is vir die jaar? | | |
| 2 | Was u ingelig dat u verantwoordelik en aanspreeklik is vir die betaling van onderriggeld, tensy u ten volle vrygestel word van die betaling van onderriggeld? | | |
| 3 | Was u ingelig dat u die reg het om aansoek te doen vir vrystelling van betaling van onderriggeld? | | |
| 4 | Wil u aansoek doen vir vrystelling van betaling van onderriggeld? | | |
| 5 | Wil u hulp hê om bogenoemde aansoek te voltooi? | | |
| 6 | Was u voorsien van 'n aansoekvorm vir die vrystelling van betaling van onderriggeld? | | |

_____________________________________________

Voorletters en van: Ouer/Voog

_____________________________________________ ___________________

Handtekening van Ouer/Voog Datum

## VERKLARING DEUR OUER/VOOG

Ek, _______________________________________________________, die wettige ouer/voog van die kind(ers) vir wie aansoek gedoen is tot toelating tot ***Laerskool Eligwa***, verklaar dat:

1. ek die toepaslike vorms volledig voltooi het en dat die besonderhede na my mening korrek is.
2. ek die **toelatingsvereistes**, **hulp met die voltooiing van die aansoekvorm**, **gedragskode**, **finansiële verpligtinge van ouers/voogde**, **onderneming deur ouer/voog** en **toestemming van ouer/voog** gelees en verstaan het.

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| **Handtekening** | **Identiteitsnommer** | **Datum** |